DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



**25 Februarie 2024**

**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste* begin *09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | **Johannes 1: 43 - 51 asook Psalm 139: 1 - 6** |
| **Tema** | **Ek sien jou my kind.** |
| **Sang** | **Psalm 71: 1, 2**<br>**Psalm 145: 1, 5**<br>**Psalm 37: 17, 23**<br>**Psalm 106: 1, 20**<br>**Lied 464: 3, 4** |

**Voorbereiding beteken om jou binneste voor die Here oop te maak. In Johannes leer ons dat God alles van my ken en weet. Jesus sê vir Natanael: “Toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou gesien”. Die ware Israeliet ontmoet die ware Koning van Israel. Die ontmoeting is nie dadelik geslaagd nie. Alhoewel Natanael wel die koningsheerskappy van God ERKEN, HERKEN hy die Koning nie.**

Hiermee worstel gelowiges vandag nog. In die kerk bely ons: God is deur Jesus Christus Koning van die hele wêreld. Maar buite die kerk lyk alles na chaos. Ons erken, maar herken nie. Tussen erkenning en herkenning staan Natanael se vyeboom. Uit buite-Bybelse bronne weet ons dat die vyeboom vir baie Israeliete 'n plek van afsondering was. In die koelte van die groot blare het hulle gepeins oor wat God se beloftes vir hulle leefwêreld beteken. Vandag beskou ons stilsit onder 'n vyeboom ('n binnekamer) as 'n tydrowende luukse.

Wat gebeur by die vyeboom? Is dit so, dat as ons maar aanhou lees en studeer, dat God se heerskappy dan mettertyd wel logies verstaanbaar word? NEE! Wie dit verwag kan steeds maar nie die kleinheid van Nasaret by die grootheid van God se beloftes tuisbring nie. By die vyeboom sien jy nie, maar word die worstelende jy DEUR-gesien. Ek ken net gedeeltelik, maar God ken my ten volle! Hierdie besef laat die skeptiese Natanael sy Koning HERKEN.

Daarom, TERUG NA DIE VYEBOOM! Selfs met wanhoop en twyfel terug na die binnekamer. Die Here ken my en roep my om deel te kry aan Sy versoening in die Nagmaal.

# OOG VIR MEKAAR

* Ons bid vir Marie Seegers wat baie pyn en ongemak ondervind. Die diagnose was dat 'n operasie nie blywende verligting sal gee nie. Seën vir jou in die moeilike tyd.





* Ons is baie dankbaar dat almal wat die afgelope tyd ongesteld was, besig is om te herstel.

# ATTESTAAT UIT

Die volgende lidmaat het die gemeente verlaat :

*Belydende lidmate:*

Johmar Wolmerans na GK Centurion.



Ons hoop dat jy baie gelukkig sal wees in Centurion. Sterkte vir jou.

# KONSISTORIEDIENSBEURTE 25 Feb 2024

Diensbeurt: Wyk 6
Ouderling: Johan Snyman

Katkisasie: Hersiening Les 1 - 4
Diaken: Matthew Llewellyn

**Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.**

## *Eredienste begin 09:30*

# TEE EN KOFFIE KUIERTYD



**Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien en om op te was na die erediens.**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 26 Feb | *Neem asb* | *kennis daar is* | *geen Bybelstudie vandag!!!* |
| 27 Feb | 18:00 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 3 Mrt | 09:30 | *Kerk* | Nagmaal |
| 3 Mrt | 11:00 | *Kerk* | Nagmaalete |
| 5 Mrt | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 6 Mrt | 18:00 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 9 Mrt | 07:30 | *Nylstroom* | Sustersaamtrek |




# KALENDER




## *Verjaarsdae*

| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *B / D* | *Sel/Tel no.* |
|---|---|---|---|---|
| (So) 25 Feb | *Harriet Krüger **<br>Lize Combrink | *72*<br>8 | B<br>D | 076 394 1396<br>073 318 8142 |
| (Ma) 26 Feb | Daleen Coetsee<br>Heinrich Grobler | *50*<br>*12* | B<br>D | 079 490 2678<br>071 885 8928 |
| (Di) 27 Feb | Petro van Dyk<br>Peter O'Reilly<br>Ruvan Weidemann | *40*<br>*15*<br>*4* | B<br>D<br>D | 071 426 5084<br>082 421 6982<br>083 419 2911 |
| (Wo) 28 Feb | Herman van Ree | *51* | B | 082 672 2511 |
| (Vr) 1 Mrt | *Elma Venter ***<br>Annabelle Oldewage<br>Anrike Nagel<br>Henk Holtzhauzen | *82*<br>*17*<br>*12*<br>*7* | B<br>D<br>D<br>D | 082 803 4740<br>083 553 6555<br>082 899 4317<br>082 555 7604 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| (Ma) 26 Feb | Dawie & Alfrieda Lessing | 19 | 083 636 4057<br>083 627 4751 |
| (Ma) 26 Feb | Dirk & Magda Heinlein | 13 | 076 340 9008<br>083 281 0772 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is, en Hy ondersteun hom. As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op.**

**Psalm 37:23 en 24**

## KOLLEKTES

**Kollektes Februarie 2024**



**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~11 Februarie 2024 Teologiese student kas~~
~~18 Februarie 2024 Thuso fonds~~
**25 Februarie 2024 Deputate Jeugsorg**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# GK PIETERSBURG FACEBOOK BLAD

**Die gemeente se Facebook blad is nou weer op en hardloop weer. Baie dankie aan Robert Marriott wat bereid was om die blad te administreer.**

**Om by die blad aan te sluit kan lidmate op Facebook gaan en die kerk daar soek op gkpietersburg. Die aktiewe skakel sal ook op die Basuin en YouTube groepe gestuur word: https://www.facebook.com/gkburgsuid?mibextid=JRoKGi**

**Ons vra dat lidmate ons help om die Facebook blad met inligting te oorlaai. Stuur vir ons foto's en inligting van kinders se prestasies op die sport veld, skool funksies ens. Uitstappies van die Silwerdoppers en kuier aande by die kerk ens, wat dan op die gemeente se Facebook blad geplaas kan word.**

# NAGMAAL

**Lidmate moet ASB kennis neem van die vogende:**




**Nagmaal sal op 3 Maart 2024 om 09:30 plaasvind.**

**Lidmate MOET kennis neem dat daar slegs EEN diens sal wees.**

**Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik sal dit kan doen, die ander lidmate moet die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.**

# NAGMAALETE



**Lidmate wat die Nagmaalete op 3 Maart 2024 gaan bywoon moet asb julle name op die lys plaas wat agter in die portaal is.**

**Daar gaan 'n heerlike koue ete voorgesit word, met heerlike koue vleis en slaai (Susters word versoek om asb 'n slaai saam te bring.)**

**Onthou ook om eie eetgerei en drinkgoed saam te bring.**

**ONTHOU ASB ! ! Die susters in blok D is verantwoordelik vir nagereg na die Nagmaalete.**

# BOEREONTBYT

Die Aktiwiteitskommissie bied op 16 Maart 2024 vanaf 08:00 ‘n heerlike boere-ontbyt aan by die kerk.

Daar gaan heerlike wors, spek, oenderlewertjies, pap en eiers, vars gebakte brood met konfyt en nog baie meer bedien word.




Vir slegs R80.00 per volwassene en hoërskool-leerder en R40.00 per laerskool kind is hierdie voorwaar ‘n winskoop wat nêrens anders gevind sal word nie.

Kaartjies nou beskikbaar by die kerkkantoor asook by lede van die Aktiwiteitskommissie.

**ONTHOU asb die datum!!!**

# SILWERDOPPERS VETKOEK VERKOPING


**Die Silwerdoppers verkoop weer lekker vetkoeke op Vrydag 8 Maart 2023.**

**Vetkoeke met lekker maalvleis teen slegs R30.00 en plein vetkoeke teen slegs R15.00 per vetkoek.**



**Voorkom teleurstelling en plaas jou naam NOU AL op die lys agter in die portaal of skakel Marina vd Walt op 072 135 6905 .**

**Bestellings kan vanaf 10:00 by die kerk afgehaal word.**


GK PIETERSBURG
INKOMSTE EN UITGAWES
MRT 2023 TOT JAN 2024
DUISENDE
0
50
100
150
200
250
Mrt - 23
Apr-23
Mei - 23
Jun-24
Jul-23
Aug-23
Sep-23
Okt - 23
Nov-23
Des - 23
Jan-24
Inkomste
Uitgawes
Tekort

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)




**Die Sending Deputate onderleiding van Prof Naas Ferreira gee leiding aan gemeentes en help met aktivering sodat lidmate missionaal gerig kan wees.**

**Ons as gemeente gaan saam die pad stap.**
**Ons vra dat indien daar lidmate is wat belangstel om in 'n groep saam te werk, om kontak te maak met André Bakker – *083 457 1711***




## Wat is ons Visie met Evangelisasie

**Soli Deo Gloria – alles tot eer van God**
**Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms.**
**Heb12:22**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG - VERVOLG)




## ...alles tot God se heerlikheid

**Maar dit is presies hier waar ons sukkel en verskriklik misluk. Ons sonde het ons band met God gebreek en ons leeg en seer gelaat.**




## God Drie-enig herstel Sy eer

**GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees. Ef 1:3-4**

**(*sien ook die Daaglikse Oordenkings*)**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze (015) 296 0054 (Tel/Faks) 086 293 4674 (Faks) |
| **Webwerf** www.gereformeerd.co.za | **E-pos :** admin@gereformeerd.co.za Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens. |
| **Bankbesonderhede** Kerkkas | ABSA Tak 334-248 Tjekrek 11-5034-0426 |
| Diakonie | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 11-5034-1287 |
| Koningskinders | ABSA Tak 632-005 Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 11-5034-0191 |
| Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005 Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*48Natanael vra Hom: "Waarvandaan ken U my?" Jesus het hom geantwoord: "Nog voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien." 49Toe antwoord Natanael Hom: "Rabbi, U is die •Seun van God; U is die Koning van Israel!"*

*Johannes 1: 48 & 49*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**